# Welkom

# By

PIKKEWOUTER

KLEUTERLAND



# BELANGRIKE KENNISGEWING VIR 2026:

| | |
|---|---|
| INSKRYWING EN ADMINISTRASIE (EENMALIG PER JAAR, PER KIND NIE TERUGBETAALBAAR) | R200.00 |
| SKRYFBEHOEFTES, SKOONMAAKMIDDELS, AANKOOP VAN GOEDERE WAT SKOOLTJIE BENODIG (SPEELGOED WAT BREEK ENS.) x2 PER JAAR (TYDENS INSKRYWING EN MIDDEL VAN JAAR) | R600.00 |
| **VERPLIGTE SKOOLHEMPIE VIR ALMAL - GR. R - (VIR ATLETIEK, SPORTDAE, ENS)** | |
| 1 - 4 JAAR | R190.00 |
| 5 - 13 JAAR | R220.00 |

## SKOOLGELD VIR 2026

| OPSIES: | KLEUTERS BO 2 JAAR 3 - 5 JR(VOLDAG) | KLEUTERS BO 2 JAAR 3 - 5 JR(HALFDAG) | KLEUTERS 12 - 24 MNDE 0 - 2 JR (VOLDAG) | KLEUTERS 12 - 24 MNDE 0 - 2 JR (HALFDAG) |
|---|---|---|---|---|
| SKOOLGELD PER MAAND MET x 2 GEBALANSEERDE ETES PER DAG | R2600.00 | R2400.00 | R2500.00 | R2150.00 |
| PER DAG TARIEF: (Lees asb. kennis-gewing rakende per dag tariewe) | R1650.00 | R1350.00 | R1850.00 | R1550.00 |
| SKOOLGELD VIR BABAS 4 - 12 MAANDE | VOLDAG | R1950.00 | HALFDAG | R1650.00 |
| GRAAD R (MET ETES) | VOLDAG | R2600.00 | HALFDAG | R2400.00 |

**VOLDAG & HALFDAG:**

Om te leer en te speel verg baie energie, en dus is dit vir ons as opvoeders baie belangrik om te verseker dat ons maatjies gebalanseerd ook eet. Daar is dus nie 'n keuse van eet of nie, al die maatjies eet elke oggend lekker pappies saam en ook 'n gesonde middagete. Dus is die skoolfonds per maand soos bo genoem.
Babas 4 - 12 maande se mamma's en pappa's voorsien hul eie etes.

**DAG TOT DAG:**

Vir diegene wat op 'n dag tot dag basis kom is die verpligte betaalde bedrag vir x2 keer per week (m.a.w die minimum koste wat u dan per maand gaan betaal is soos bogenoemde tabel). Hierdie werk dan uit op **x8 keer per maand**. Indien u kind dan meer as die 8 keer per maand skool bywoon, word die bedrag dan alvorens aangepas. Ons dien ongelukkig nie as 'n "dagsorg" nie. Ons het 'n register wat aangeteken word, en die maatjies kry 'n vorderingsverslag Junie maand en Desember maand. Dit maak dit baie moeilik vir die onderwysers om 'n kind te kan evalueer as hy\sy minder by die skooltjie is.
(Hierdie is slegs geldig vir 4 maande tot 5 jaar)

**GRAAD R IS ELKE DAG VERPLIGTEND EN KRY KWARTAALIKS HUL VORDERINGSVERSLAG.**

**BANKBESONDERHEDE:**

PIKKEWOUTER KLEUTERLAND
FNB
CURRENT
REK NO: 63130605257
TAKKODE: 240 117
REF: KIND / KINDERS SE NAAM

**NASORG:**

Daar sal nasorg vir kinders wees (**tot graad 3**). Ouers moet net self sorg dat u kind by Pikkewouter Kleuterland uitkom, omdat daar nie vervoer is om hulle te gaan haal en te bring nie.
Kostes daaraan verbonde is: **R1 000.00** per maand en dan sal die juffrou aan diens help met die huiswerk (sluit dan middagete in).

**GRAAD R:**

Pikkewouter is baie opgewonde om in 2026 ons Gr R Pikkies te verwelkom. Ons het ook 'n ONGELOOFLIKE leerprogram - sluit Robotika in.

**KOSBLIKKIE TYD:**

Ons beleid is om te verseker dat die maatjies genoegsame gesonde etes / kossies per dag inneem. Gesonde eetgewoontes = gesonde lyfies. Ons het dus 'n **"NO SUGAR POLICY"** ingestel vir verskeie redes. Kosblikkie tyd is 'n lekker informele ete wat die maatjies op die mat sit, bietjie ontspan en aan iets lekkers kou. Dus doen ons 'n beroep op die ouers om ASB geen sweeties in die kosblikkie te pak nie, maar eerder 'n soet alternatief soos appels, pere, piesangs, vrugterolle ens.
Pikkewouter gee 'n koeldrankie saam hulle etes, koekies, roomys en / of sweetie deur die week.

**VERJAARSDAG MAATJIES:**

Ons Pikkies is MAL oor partytjies... Dus gee ons die mammas en pappas toestemming om partytjie by die skool te hou. Dit is net u as ouer se eie verantwoordelikheid om te sorg vir iets om te gee daardie dag. Partytjietyd is **STRENG** om 10h00. Tref ook asb. die nodige reëlings met die onderwysers sodat die dag se beplanning reg sal verloop.

**SKOOLTYE:**

**06h45 - 17h15** **NIKS VROEËR OF LATER NIE**
Indien jy gaan laat wees, tref asb. die nodige reëlings met iemand om jou kind te kom haal
(stel net die juffrou in kennis van wie - want ons laat nie enige iemand net kinders oplaai nie).

**LET WEL: VIR ELKE 10 MINUTE WAT U LAAT IS, IS DAAR 'N BOETE VAN R50.**

Dis REEDS 'n lang dag vir die personeel en jou kind

**VERLOOP VAN DIE DAG (BABA'S 4 MAANDE TOT 5 JAAR):**

| | |
|---|---|
| 06:45 | Skool se hekke maak oop |
| 06:45 - 08:00 | Kiddies speel buite / buite (hang af van weer) |
| 08:00 - 08:30 | Lees Bybel, doen register en was handjies<br>Babaklassie se maatjies eet pappies |
| 08:30 - 09:00 | Eet pappies |
| 09:30 - 10:00 | Speel buite (doen buitemuurs aktiwiteite) |
| 10:00 - 10:30 | Eet snacks en was handjies |
| 10:30 - 12:30 | Begin met lessie en doen werkies<br>Babaklas maatjies eet middagete |
| 12:30 - 13:00 | Eet middagete<br>Babaklas maatjies rus |
| 13:00 - 14:00 | Rustyd (slaap, lê bietjie, kyk televisie, lees boekies) |
| 14:00 - 15:00 | Opvoedkundige speletjies buite<br>Babaklassie eet snackies |
| 15:00 - 15:30 | Groot maatjies kry hul snackie |
| 15:30 - 17:15 | SPEEL SPEEL SPEEL |

**SOMS KAN BOGENOEMDE TYE WISSEL**
**(DIT IS IMMERS 'N KLEUTERSKOOL)**

**VERLOOP VAN DIE DAG VIR (GR. R)**
**STRENG VERSOEK DAT HIERDIE TYE ASB NAGEKOM SAL WORD - ROUTINE IS DIE GOUE REëL:**

06:45 Skool se hekke maak oop
06:45 - 07:30 Aflaai van kinders by die skool (daar is reeds toesig)
07:30 Skool Begin vir die dag
07:30 - 08:00 Was hande en eet pappies
08:15 - 09:30 Lees Bybel, doen register en doen werkies.
09:30 - 10:30 Kosblikkie tyd, speel buite (doen buitemuurs)
10:30 - 12:00 Doen tweede helfte van dag se werkies
12:30 - 13:00 Eet middagete
13:15 Skooldag is verby
13:15 - 14:00 Rustyd (slaap, lê bietjie, kyk televisie, lees boekies)
14:00 - 15:00 Opvoedkundige speletjies buite
15:00 - 15:30 Snackie / Kosbliktyd
15:30 - 17:15 SPEEL SPEEL SPEEL

Pikkewouter se skoolgelde is betaalbaar vanaf Januarie tot Desember (Dus is dit 12 kalender maande).

Halfdag tye is vanaf 06:45 - 13:15
Voldag tye is vanaf 06:45 - 17:15
Pikkewouter is oop van Maandag to Vrydag. Ons is ook oop dwars deur die jaar, ons sluit glad nie skool-vakansietye nie **BEHALWE** Desember-maand. Ons is ook nie oop tydens publieke vakansiedae, Christelike vakansiedae, Saterdae en Sondae nie.

Alle rekeninge **MOET VOOR OF OP DIE 3e DAG** van elke maand betaal word (tensy anders gereël), anders sal toegang van u kind geweier word. Skoolfondse word ook vooruit betaal (m.a.w. U betaal aan die begin van die maand vir daardie maand).
**NEEM KENNIS: GEEN GELDE IS TERUGBETAALBAAR**

Indien u besluit om u kind hier weg te neem (weens een of ander rede), verwag ons asb ‘n kalendermaand skriftelike kennis. **DESEMBER IS EGTER NIE ‘N MAAND KENNIS NIE.**
U gaan elke jaar u kind weer moet inskryf, dit beteken nie as hy/sy die huidige jaar hier was, hy/sy verseker is van plek vir die volgende jaar nie.

Ouers sal maandeliks ‘n rekening vanaf die skool ontvang, sodat u weet wat u moet betaal.

**SKRYFBEHOEFTES:**

Ons is ‘n privaatskool, en dus is die fondse wat ons inkry alleenlik vanuit skoolfondse en fondsinsamelingsprojekte. In plaas daarvan dat u as ouer **ELKE KWARTAAL** ‘n klomp goed moet saambring, vra ons dat u x2 per jaar (tydens inskrywing en in Junie-maand) **R600.00** ekstra sal betaal om die goedjies wat die skool benodig (soos skoonmaakmiddels, speelgoed, papier, ink, kruite ens) aan te koop. Dit gaan verseker dat daar nie onnodig baie van een item in die kas is nie, maar genoeg van alles wat ons benodig.

**SKOOL UNIFORM:**

(4maande tot 5 jaar) - U as ouer moet asb. die Pikkie hempie by die skool koop en swart / navy skipant broekie van u keuse. Hierdie klere gaan ons aantrek eenmaal per week en ook met die skool se atletiekbyeenkoms ens.
Ons sal op die skool se Whatsapp groepie kommunikeer oor watter dag die beste gaan werk.

**GRAAD R** - Ons gaan elke dag ons Pikkie hempie (met ‘n swart / navy blou broek) aantrek (wat deel vorm van die kind se skooluniform). Maak dus dan seker dat u meer as een van hulle het.

**VAKANSIEKLASSE:**

Daar sal vakansieklassies aangebied word vir ons maatjies en ook ander skole se kinders. Ons kan kinders tot graad 3 akkommodeer. **GEEN OUER MAATJIE SAL TOEGELAAT WORD NIE.** Daar sal ook geen ekstra fooi vanuit julle verwag word nie, net vir die nuwe maatjies.

**BETAAL VAN FONDSE:**

ALLE GELDE moet sover moontlik asb. in Pikkewouter se rekening inbetaal word. Dit maak die administrasie vir my en die personeel soveel makliker. Indien u kontant betaal, MOET u asb ‘n kwitansie by die skool ontvang. Tel asb die kontant saam met die persoon aan wie u dit betaal het, en maak seker die kwitansie is reg uitgemaak.

# LYS VAN BENODIGHEDE VIR 2026:

## Pikkewouter Kleuterland

R600 is betaalbaar per kind, 2 maal per jaar vir die aankoop van nodige items.

**ITEMS WAT ASB IN DIE KLAS GELOS MOET WORD - GEMERK MET KLEUTER SE NAAM EN VAN:**

**“GROOTSKOOL” KLASSIE (2 - 5 JARIGES & GR. R)**

- 1 x Waslappie
- 1 x Badhanddoek
- 1 x Spuit badseep (van ouer / baba se voorkeur) indien maatjie allergies is vir enige seep, om in kassie / rakkie te bêre
- 1 x Ekstra spoegdoek (indien van toepassing)
- 1 x Kombers, kussing, laken (Enige beddegoed vir enkelbed) wat elke Vrydag saamgaan huistoe om gewas te word.
- 1 x warm klere (sweetpakkies werk die maklikste)
- 2 x stelle ekstra klere vir die huidige seisoen.

**POTTY TRAINING:** Ons personeel is so oulik en help graag met hierdie afdeling, maar glipsies kom in. Maak dus asb seker dat daar genoeg onderklere en droë klere ingepak is.

**BABAKLASSIE (4 MAANDE - 24 MAANDE)**
**ITEMS WAT DAAGLIKS GEBRUIK WORD IN BABAKLASSIE**

Los asb. hierdie items in die baba se kassie / rakkie. Maak ook gereeld seker hoeveel daar van alles oor is. Vervang asb dadelik wanneer dit min of opgebruik is. Ons gebruik dit uit die kas en nie uit die doeksak nie. Indien daar nie meer in die kas is nie, sal die doeksak se doeke / boudsalf / melk ensovoorts gebruik word.

Borsvoed mamma’s wat melk saamstuur **(MERK ASB DIE SAKKIES / BOTTELS MET KIND SE NAAM EN OOK JOUNE)**

- 1 x Vol pak doeke
- Eie bottels of sippy cups
- 1 x Boudsalf
- ‘n Blik formule melk met die korrekte aanwysings, of houertjies met melk wat reeds uitgegooi en afgemeet is.
- Medikasie indien kleuter enige allergieë het, of kroniese medikasie moet ontvang (maak ook seker dat die juffrou in kennis gestel word daarvan, en meet asb self die korrekte hoeveelheid uit.)

# SIEK KINDERS:

Volgens wet mag geen opvoeder medikasie van enige aard aan kinders sonder toestemming gee nie, ons mag ook nie ons eie diskresie gebruik nie. Wat dit beteken is dat u gekontak gaan word as u kind nie lekker voel nie, en indien u voel ons kan medikasie gee, soek ons dit asb. op skrif en ook die hoeveelheid.

**GEEN MAATJIE MET KOORS SAL TOEGELAAT WORD NIE! HIERDIE IS ‘N ERNSTIGE BEROEP...**

As jou kind siek is, maak asb. ‘n afspraak by die dokter, kry die nodige medisyne en hou hom / haar by die huis totdat hul gesond is. ‘n Kleuterskool is alreeds ‘n “broeiplek” vir kieme, maar as ons saamwerk SAL ons kinders minder siek wees.

GEBOORTE JAAR

| |
|---|
| |

# INSKRYWINGSVORM:

## Pikkewouter Kleuterland

**AANDAG ALLE INSKRYWINGS: R200 PER KIND IS BETAALBAAR MET DIE ONTVANGS VAN KONTRAK**

**NAAM, VAN & GEBOORTEDATUM VAN KIND:**

| | |
|---|---|
| | Seun / Dogter |
| | |

**NAAM VAN OUERS / VOOGDE:**

| | |
|---|---|
| 1 | 2 |

**KONTAKBESONDERHEDE VAN OUERS / VOOGDE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | | 2 | |

**FISIESE ADRES:**

| |
|---|
| |
| |

**HUISTAAL:**

| |
|---|
| |

**ID NOMMERS VAN OUERS / VOOGDE:**

| | |
|---|---|
| 1 | 2 |

**HUWELIKSTATUS VAN OUERS / VOOGDE:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GETROUD | | GESKEI | | ANDER | | BESKRYF ANDER |

**PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DIE REKENING:**

| | |
|---|---|
| NAAM & VAN: | KONTAKNR: |

**AFLAAI EN OPLAAI VAN KIND:**

| NAAM & VAN: | VERWANTSKAP: | KONTAKNR: |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

**OPSIES:**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BABAS 4 - 12 MAANDE: | VOLDAG: 07:00 - 17:15 | | HALFDAG: 07:00 - 13:15 | | | | | |
| KLEUTERS 12 - 24 MAANDE: | VOLDAG MET ETES: | | VOLDAG DAG - DAG MET ETES: | | HALFDAG MET ETES: | | HALFDAG DAG - DAG MET ETES: | |
| KLEUTERS 2 - 5 JAAR: | VOLDAG MET ETES: | | VOLDAG DAG - DAG MET ETES: | | HALFDAG MET ETES: | | HALFDAG DAG - DAG MET ETES: | |
| Gr R 2026 | VOLDAG MET ETES: 07:00 - 17:15 | | HALFDAG MET ETES: 07:00 - 13:15 | | NASORG: | | | |

# INSKRYWINGSVORM:

## Pikkewouter Kleuterland

**MEDIESE AGTERGROND:** **(ALLERGIEË, EPILEPSIE AANVALLE, ABNORMALE BLOEDING ENS.)**

| | |
|---|---|
| 1. | 2. |
| | |
| 3. | 4. |
| | |

**HEG ASB ENIGE VERWYSINGSRIEWE VAN DOKTERS WAT U VOEL ONS MOET WEET AAN.**

**HUISDOKTER:**

| | |
|---|---|
| NAAM & VAN: | KONTAKNR: |

**MEDIESE FONDS EN LIDNOMMER:**

| | |
|---|---|
| TIPE MEDIESEFONDS: | LIDNR: |
| HOOFLID: | |

**ENIGE IETS ANDERS WAT U AS OUER VOEL ONS HET NODIG OM TE WEET:**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |

VOLTOOI ASSEBLIEF AL DIE BOSTAANDE INLIGTING SORGVULDIG EN STUUR TERUG SKOOL TOE.
HEG OOK ASSEBLIEF DIE VOLGENDE DOKUMENT AAN:

- AFSKRIFTE VAN ID DOKUMENTE
- AFSKRIF VAN GEBOORTESERTIFIKAAT
- GESIGFOTO VAN U KLEUTER / KLEUTERS
- AFSKRIF VAN MEDIESE KAART
- AFSKRIF VAN INENTING SERTIFIKAAT
- AFSKRIF VAN ENIGE ANDER MEDIESE SERTIFIKATE / VERSLAE WAARVAN ONS MOET WEET

# VRYWARINGSVORM:

## Pikkewouter Kleuterland

Ek, ______________________________ (ouer / voog), ID NOMMER __________________________
van ____________________________________________________________ (kind/ers) erken
hiermee dat ek verantwoordelik is vir die betaling van die rekening wat aan my gestuur sal word.

Ek as ouer / voog onderneem, stem toe en kom ooreen met die Pikkewouter Kleuterland en personeel vir solank aswat die kleuter(s) in die kontrak vermeld, 'n ingeskrewe kleuter of leerder is:

- om die skool se missie, karakter en strewe te respekteer.
- om my / ons neer te lê by die skool se toelatingsbeleid, toelatingsvereistes & opskortng of verbeursing van die toelatingsvoorregte;
- om 'n onderhoud met die oog op toelating met die skoolhoof te voer, sou die skoolhoof so 'n onderhoud versoek;
- dat ek die skool se reëls ontvang het en verstaan;
- om toe te sien dat die kleuters die reëls van die skool verstaan en sal gehoorsaam;
- om die nodige voorsorg te tref dat my/ons kleuter ingevolge die amptelike skoolure by die skool besorg en gehaal sal word
- om deel te neem aan die aktiwiteite van die skool, insluitende die insameling van fondse;
- om die skoolgeld vooruit te betaal (dit moet dus in pikkewouter se rekening wys voor of op die 3e van elke maand)
- aanvaar dat die skoolgelde vir 12 maande is (insluitende Desember)
- aanvaar dat as die skoolgelde nie betaal is voor die 3e van elke maand nie, u kind ongelukkig geweier kan word.
- om alle agterstallige skoolgelde, regskostes plus rente te betaal indien u rekening oorhandig sou word;
- om 1 kalendermaand skriftelik kennis te gee indien kleuter skool verlaat (Desember is dus nie ingelsuit nie)
- dat die skool gemagtig is tot skoolfondsverhoging van 10% per jaar.
- aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kleuter & dat ek (as ouer/voog) verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese rekeninge en/of hospitaal-rekeninge, indien van toepassing in die geval van besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie;
- dra my magte as ouer / voog tydelik oor aan die skoolhoof of sy verteenwoordiger indien mediese behandelings / chirugiese ingreep vir my kleuter nodig mag wees, in die geval van 'n ongeluk, en indien ons die ouers / voog nie kan bereik nie.
- vrwyaar die personeel en skool teen die aanspreeklikheid ten opsigte van alle handelinge deur die betrokke personeel deur die loop van die jaar sover hul optrede strook met die van 'n sorgsame ouer. Ek onderneem dat ek nie as ouer of namens my kleuter enige eise teen die voorgemelde persoon/e of instansie sal kan instel ten opsigte van enige eise wat uit die gemelde optrede mag voortspruit nie.

______________________________
Handtekening van ouer / voog

Geteken te Vryburg op die ________________ dag van ___________________ 20_______

# Toestemming vorm vir die neem van foto's van leeders

Kind se ouer/voog se Naam en van ____________________________________________

Naam van kind(ers): ____________________________________________

Per geleentheid mag daar foto's en video materiaal van Pikkewouter leerders geneem word. Sodanige foto's en video materiaal mag gebruik word in gedrukte publikasies deur ons vervaardig, op ons webblad, sosiale media profiele, asook in reklame foto's/video's vir verspreiding op verskeie platforms (insluitend WhatsApp). Ons mag ook foto's/video materiaal per geleentheid van leerders neem vir monitering, opvoedkundige doeleindes, asook om aan u as ouer(s)/voog(de) te stuur.

Pikkewouter mag van tyd-tot-tyd genooi word deur die media wie foto's/video materiaal van leerders mag neem. Leerders mag in hierdie foto's/video materiaal verskyn, wat gebruik mag word in plaaslike koerante, sosiale media of televisie programme.

Ten einde gehoor te gee aan die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) van 2013 word u toestemming benodig voor enige foto's/video materiaal van u kind geneem mag word. Voltooi asseblief die vrae hieronder, onderteken en dateer die vorm en dien u getekende vorm in by Pikkewouter.

Toestemming hiermee verleen sal geldig wees vir die duur wat u kind(ers) 'n leerder(s) van Pikkewouter is.

| | *Omkring u antwoord* |
|---|---|
| Mag ons gebruik maak van foto's/video materiaal van u kind In Pikkewouter se gedrukte publikasies, webblad, sosiale media Profiele, asook in reklame foto's/video's vir verspreiding op verskeie platforms (insluitend WhatsApp)? | **Ja / Nee** |
| Mag foto's/video materiaal van u kind geneem word vir monitering, opvoedkundige doeleindes, asook om aan u as ouer(s)/voogde te stuur? | **Ja / Nee** |
| Mag foto's/video materiaal van u kind in die media verskyn? | **Ja / Nee** |

Ouer/Voog se handtekening: ____________________________________________

Ouer/Voog se naam en van in druk letters: ____________________________________________

Datum: ____________________________________________